

Sing vooraf: Psalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde^{en} volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte^{en} vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bid ons van vergewing van ons sondeskuld en ons onderneming om aan God
gehoorsaam te wees met Psalm 4:2 (p. 15)*

Wet

Psalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede
en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:10 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Skriflesing: Markus 4

Teks: Markus 4:12

**. . . sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie
verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle
vergewe word nie. (Markus 4:12 AFR1953)**

Die Here Jesus preek vir 'n groep mense voor hom op 'n manier dat almal van hulle baie duidelik verstaan waarvan Hy praat. Hulle kon die dinge waarvan die Here gepraat het, as 't ware sien gebeur voor hulle geestes oog.

Hulle het ook baie goed verstaan dat die Here bedoel dat prediking nie neutraal by 'n mens verbygaan nie.

- Dit bewerk ten opsigte van die hiernamaals óf die lewe óf die dood.
- Dit bewerk ook ten opsigte van hierdie lewe 'n skeiding tussen mense:
 - Aan die een kant groepeer die mense wat die verlossing glo en gelowig aanneem wanneer hulle dit hoor, en
 - aan die ander kant is daar dié wat die prediking van die Woord van God hoor maar wat hulle dan min of niks daaraan steur nie.

'n Saaier is op pad na sy land toe.

- Op pad na die land toe verloor daar van die saad langs die pad.
- As mens nou by die land kom, en jy saai, val al die saad ook nie net in die land nie.
 - Die mense van daardie tyd het geen van ons moderne implemente gehad om hulle saad in die grond te kry nie.
 - Hulle moes dit met hulle hande loop en strooi, en dan het die wind party van die saad gedra sodat dit buitekant die land geval het.

So gebeur dit ook met die saaiër van die gelykenis.

- Sy land lê teen die berghang, soos wat die meeste van die lande in daardie omgewing is.
- Die landjies is ook maar klein.
 - Soos wat die saaiër die saad loop en strooi, val sommiges buite die land.
 - Buite die land is daar op sommige plekke rotsagtige dele, en op ander plekke onkruid.

Die grond word in elk geval nie buitekant die land bewerk nie, en daarom het die saad wat daar val, geen kans om behoorlik te groei en te dra nie.

'n Groot deel van die skare hoor die gelykenis, maar hulle verstaan dit nie.

- Hulle draai om en hulle loop weg.
- Die enkeles wat oorbly, begryp ook nie die gelykenis nie.
- Hulle kom saam met die dissipels om Hom uit te vra oor die betekenis van die gelykenis.

Die Saaier saai die Woord van God (v.14).

- Dit is die verkondiging van die evangelie.
 - Of, as ons dit baie modern wil stel, dit is die prediking.
- Hierdie verkondiging van die evangelie is soos saad wat gesaai word.
 - Dit dra nie oral ewe veel vrug nie.

Jesus preek dus hier dat daar baie mense is wat die evangelie hoor – maar by 'n baie groot deel van hulle verloor die Woord van God sy krag. Die rede kry ons in die gelykenis.

- Baie mense is geestelik onvrugbaar – soos wat saad is wat op 'n hardgetrapte pad, of op 'n rots, of tussen die onkruid val.

Wat nou van hierdie gelykenis 'n baie harde saak maak, is die feit dat die Here nie hier van openlike godsveragters en heidene praat nie, maar juis van kerkmense.

- Ons wat gereeld onder die prediking is.
- Daarom sê Jesus ook: “Wie ore het, laat hom hoor!”

Almal wat in die kerk sit, en die evangelie hoor, hoor nie om te luister en te verstaan nie. Hulle begryp nie wat gepreek word nie.

Sommige van die hoorders wat geestelike ore het, en dit inspan, kan hoor wat die Gees van God deur die Woord tot die gemeente spreek.

- Die wat hoor, hoor ook nie uit hulleself nie.
- Ons lees in Psalm 40:7 dat God hulle ore deurboor sodat hulle kan hoor om te verstaan.
- Maar dit neem nie die feit weg dat daar in die gemeente ook ander is wat nie wil hoor nie omdat hulle hulle doof hou.

Die Here preek van die begin af tot aan die einde baie en groot genade, maar daarmee saam geweldige oordeel.

- God spreek ons in genade aan,
- maar ons sondige doofheid veroorsaak ewige dood en spanning.

Lukas het ook hierdie gelykenis gehoor by die mense waar hy die stof vir sy evangelie versamel het. Hy skryf dit so in sy evangelie neer.

- Hy skryf ook ander dinge neer wat die Here Jesus gesê het, wat Markus nie neerskryf nie.
- Hy onthou byvoorbeeld dat die Here Jesus gesê het dat die duiwel kom en die Woord uit ons harte wegneem, sodat ons nie glo nie, en nie gered word nie. (Lukas 8:12)

Ons moet dit nie so verstaan dat die duiwel mag het oor hierdie mense nie.

- Hulle is maar te bly dat hy die Woord uit hulle harte kom wegneem, want net in die volgende vers vertel Lukas dat die vir wie die saad op die rots geval het, dié is wat 'n tyd lank die versoeking weerstaan het.
- Dus, die wat gelowig gestry het teen die sondes, maar wat uiteindelik daaraan toegee het.
- Hulle toon juis beter groei as dié langs die pad, omdat hulle ten minste probeer, wat dié langs die pad nie ook kan sê nie.

Kyk na die betekenis van dit wat hier gesê word.

- Ons sondes kan nie die evangelie kragteloos maak nie.
- Die evangelie behou sy krag om vrugte af te werp in mense se lewens.
- In die mense se lewens waar daar verantwoordelikheid gevind word, is daar die vrugte van die ewige lewe, maar in die lewens van die ander is daar geen vrugte van lewe nie maar wel van die dood.

Pas nou die gelykenis toe op die punte van vergelyking.

- Eerstens praat Jesus van kerkmense wat die Woord hoor.
 - Die saad langs die pad wys op mense wat die Woord en die prediking hoor, maar net nie daarin belangstel nie.
 - Ons ken hulle – dis die wat eintlik onder die tug behoort te kom.
 - Dis diegene wat die prediking in oordeel en genade hoor, maar omdraai en hulle gaan verhard.
 - Dis hulle wat openlik met hulle sondige lewe bevestig dat hulle dood is vir God se koninkryk.

Die Bybel sê dat die grootste deel van die skare gesit en luister het na die preek van die Here Jesus.

- Maar toe het hulle opgestaan en geloop.
- Dis hulle vir wie die saad langs die pad geval het.

Dan is daar die met die tydsgeloof.

- Dit is dié vir wie die saad op die rots geval het.
- Hulle spring goed weg, maar na 'n tydjie raak die pas vir hulle te straf.
- Dan val hulle terug in 'n wêreldse lewe.
- Dis die mense wat maak asof hulle glo, maar die Woord van God raak nie hulle harte nie.

Dit is seker baie loflik as die evangelie met blydschap ontvang word.

- Maar die prysenswaardigheid daarvan verdwyn wanneer hulle elke keer openbaar dat dit 'n geloof sonder vastigheid is.
- Die ernstige begeerte om godvresend te lewe ontbreek.

Daarna is daar diegene wie se geloof is soos saad wat tussen die onkruid val.

- Hulle ken die geloofseise, maar swig altyd wanneer dit teenoor 'n eis van die wêreld gestel word.
- Hulle word deur die genot van die wêreld verwurg.
- Hulle geloof versmoor daarna so dat dit nie lewende vrugte kan dra nie.

Kan enigeen van hierdie drie groepe mense aan die Nagmaal kom aansit?

- Dis 'n vraag waarop elkeen vir homself moet antwoord, want by die Nagmaal word dit aan jou bevestig wat jy elke week in die prediking hoor.
- Kan jy dus aan die Here Jesus se tafel kom aansit om geestelike versterking te ontvang as die wêreld eintlik jou eerste liefde is?

Kan ons verkeerde dinge liefhê maar by God troos kom soek?

- Is dit nie skynheilig nie?
- Is dit nie juis hoe 'n geloof lyk wat verslaan is nie?

Al hierdie mense word negatief deur die Here Jesus beskryf:

- Hulle is mense wat kyk en kyk, maar wat God nie kan sien nie.
- Mense wat hoor en hoor, maar nie verstaan dat die beloftes van God oor hulle van krag is, en dat dit van hulle verantwoordelike optrede vereis nie.

Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor die beloftes van die Here, naamlik dat dit moet wees soos saad wat op 'n vrugbare akker val.

- God se belange moet eerste wees.
- Geen terugslag moet ons van God kan vervreem nie.
- Dan wek die Woord lewe in ons.
- Anders wek die Woord die ewige dood.

Dit kan ook nie anders nie, want die Here Jesus Christus kom om te skei.

- Dit is ook waarvoor Hy sterf.
- Met sy soendood vernietig Hy die satan, en bring Hy 'n baie definitiewe skeiding tussen dood en lewe, en tussen geloof en ongeloof.

Maar ons moet net by die verklaring onthou dat die Saaier God self is.

- In 'n sekere sin gaan die tyd vir sy genade ook verby.
- Ons bely dat die oordeelsdag op hande is, en dat die Here Jesus Christus wat hierdie gelykenis vertel, nou kom om te oordeel oor lewend en dood.

Die onverskilliges, en halfhartiges – die godsverlaters wat dit probeer bedek – hulle gaan almal veroordeel word, omdat hulle geen geloofsvrugte gelewer het nie – omdat hulle op die verkondiging van God se Woord nie wou reageer nie.

Die Saaier van die Woord is God Self. Luister dan na wat God self sê.

- Want Hy wat die Heilige Gees gestuur het om die saad van sy Woord in ons harte te saai, roep ons na sy maaltyd toe.
- Dis 'n maaltyd waar Hy die versekering van sy verlossing wil bevestig aan al diegene wat met verantwoordelikheid reageer op sy verlossingswerk – al diegene wat kan en wil luister na die wil van die Here.
- Dis die wat is soos by wie die saad op vrugbare grond val en wat deur God bewerk is en wat groei en lewe tot in ewigheid gee.

Wees vrugbaar in woord en in daad sodat u geloof sy vrugte kan lewer op die dag wanneer die Here Jesus Christus kom om die oes in te samel wat deur die Saaier gesaai is! Ons geloof moet elke dag vrugte dra – maar die volle som van die oes word ingesamel en beoordeel by die wederkoms.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 48:1 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Augustus 2008

Preekopsomming

Ons moet baie goed verstaan dat die verkondiging van die Here se Woord nie neutraal by 'n mens verbygaan nie. Dit bewerk ten opsigte van die hiernamaals óf die lewe óf die dood. Dit bewerk ook ten opsigte van hierdie lewe 'n skeiding tussen mense:

- Aan die een kant groepeer die mense wat die verlossing glo en gelowig aanneem wanneer hulle dit hoor, en
- aan die ander kant is daar die wat die prediking van die Woord van God hoor, maar wat hulle dan min of niks daaraan steur nie.